## VAN ONS SUSTERS

Goeiedag Susters

- Ons het die broeders by die Klassis op 21 April lekker gevoed en alles het sommer baie voorspoedig verloop. Baie dankie aan elkeen wat gehelp het daarmee.
- Jy kan nog altyd ‘n item vir die konsert van 9 Mei by my opgee. Daar is al oulike items! Dit is beslis ‘n geleentheid om nie mis te loop nie en jou item gaan tot die vreugde van die dag bydra! Die kaartjies is R50 vir volwassenes en R20 vir kinders onder 12. Die kaartjies is by die kerkkantoor beskikbaar. Jy kan ook jou naam by enige bestuurslid of wyksuster opgee vir ‘n kaartjie. Doen dit asb so gou moontlik, want daar gaan lekker verversings wees en ons wil darem net die getalle kry. Groep 3 is verantwoordelik vir die verversings. Dit is wyke 2,3,4 en 6.
- Nagmaalete op 17 Mei: Groep 2, wyke 1, 5, 7 en 8. Beplan solank asb.
- Ek herinner aan ons verkoping wat vanjaar DV op 20 Junie, in die vorm van ‘n Winterfees plaasvind. Kry solank jou planne en goedjies reg, die tyd hardloop. Die verskillende tafels se sameroepers se lyste is sterk op pad!


‘n Geseënde week vir elkeen!

Groete Alta

## WAT VAN ‘N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 2 & 3 nooi almal uit om na die erediens ‘n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



**WOONPLEK BENODIG**

**Professionele persoon ( 53 )** benodig ’n woonplek te huur. Tuinwoonstel, meenthuis of "granny flat " met 2 slaapkamers . ( ’n motorhuis sal ’n bonus wees ) Huur verkieslik onder R8 000 p m. Kontak asb Willem Serfontein 082 458 2612 wfp.serfontein@gmail.com



# Op die Kerkwerf


Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 42, nr 14 Sondag 26 April 2026

*REDAKTEUR:* **RUDY VAN DER SPOEL** 082 864 4422

rudynell@jenny.co.za


**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelistes: Brechtje Jooste en Berna Prinsloo** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste, kategese en Huis Eikelaan:**
**Ouderlinge:** Wyk1 **Koos Nortjé** en Wyk 2 **Klaas Wyma**
**Diaken:** Wyke1 en 2 Diaken **Zurich Terblanche**
**Teebeurt:** Wyke 2 & 3: **Wyksusters:** Wilmarie du Plessis en Dina Coetsee

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 18:00 Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND** Baie dankie aan Brechtje Jooste wat vanoggend die begeleiding waarneem. Ons is dankbaar dat u met vreugde en gewilligheid u gawes in diens van die gemeente tot eer van ons Here stel!

**Woordbediening:** Psalm 27. **Fokusvers:** Psalm 27:13.

**TEMA:** *Gelowig geanker in die goedheid van die HERE kan ons die werklikheid hanteer.*

**Sing:** Psalm 63: 2 (melodie Psalm 18); Psalm 33: 1, 3, 9; Psalm 86: 3, 8; Psalm 116: 1, 5, 6; Psalm 27: 6; Psalm 94: 9, 10.

**Sing met meelewing:** Psalm 74: 15, 16. .

**AAND** Berna Prinsloo het ons die afgelope maand geweldig baie gehelp deur haar bereidwilligheid om met die begeleiding tydens die eredienste voor te gaan. Ons is daarvoor baie dankbaar! Dankie ook dat u vanaand weer bereid is om met die begeleiding voor te gaan.

**Woordbediening:** Handelinge 9:1-19; Galasiërs 1:11-17.

**Fokusverse:** Handelinge 1: 6; Galasiërs 1: 15-17; 2 Timoteus 2:1-2. **Kerkorde:** Kerkorde, art. 4.

**TEMA:** *Hoe word iemand ‘n Woordbedienaar deur wie God tot sy gemeente spreek?*

**Sing:** Psalm 8:1, 2, 3, 4; Psalm 19:1, 5; Psalm 33:5; Skrifberyming 15-5 [41]: 4, 5, 6; Skrifberyming 17-1 [17]:1, 6.

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir **GKSA Sustentasiefonds**
Volgende week: Teologiese Studentekas.
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

**EREDIENS HUIS EIKELAAN**
**Prof. Francois Muller** sal DV vanmiddag voorgaan tydens die erediens in die kapel by Huis Eikelaan om 15:30. Baie dankie aan ouderlinge **Koos Nortjé** en **Klaas Wyma** wat die toesigbeurte sal waarneem.

**EREDIENSTYD VANAF 3 MEI 2026**
Maak asseblief 'n aantekening dat vanaf Sondag 3 Mei die 18:00 erediens met 'n uur vervroeg. **Dit begin dan vir die duur van die winter tot einde Augustus om 17:00.**

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
**Jane Coetsee**, 'n oudlidmaat van die gemeente, is verlede week in Mosselbaai oorlede. Haar dogter, Tillie Stander, is ook 'n oudlidmaat van die gemeente. Jane se begrafnis vind Dinsdag 5 Mei om 11:00 vanuit ons kerkgebou plaas. Die teraardebestelling sal om 10:00 plaasvind.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:
**Prof. Callie Coetzee** het Dinsdag 'n lobektomie in Anncron Hospitaal ondergaan. Sedertdien word hy in die kardiologiese intensiewesorgeenheid verpleeg. Hy sal vir ongeveer twee weke in die hospitaal wees. Ons gebed is dat prof. Callie 'n geseënde herstel na die operasie sal ontvang. Die herstel- en rehabilitasietyd is twee maande. Daar sal ook voorkomende kankerbehandling gegee word.



Ons volhard ook in ons voorbidding vir al ons broers en susters wat in die onderskeie versorgingseenhede van die tehuise versorg word. Mag ons hemelse Vader in sy troue liefde u naby wees, u daagliks met lewenskrag bege-nadig en die genade van volharding gee.

**DANKBAARHEID**
By dese wil ons 'n woord van dank uitspreek vir die gelukwense en meelewing wat ons van ds Jannes en medelidmate ontvang het met ons 60-jarige huweliksherdenking. Dit was vir ons 'n besondere geleentheid en ons is baie dankbaar vir soveel geseënde jare saam.
Groete Rudy en Nelly

**HUWELIKSHERDENKINGS**
Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!
Donderdag 30 April is **Frank en Gerda van der Kooy** 30 jaar getroud en **Sybrand en Belinda van der Merwe** 4 jaar.

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

**DAGBOEK**

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 26/04 | 15:30 | Erediens Huis Eikelaan prof DF Muller | Kapel |
| Di | 28/04 | 08:30 | Teologiese Studente | Bovertrek |
| | | 18:00 | Finansiële Kommissievergadering | Soos gereël |
| | | | Agendastukke vir Kerkraadsvergadering ingedien vir duplisering | |
| Wo | 29/04 | 18:00 | Bybelstudie (Romeine, Studie 3) | Ou Kerkie |
| Do | 30/04 | 10:30 | Bybelstudie (2 Korintiërs 3: 1 e.v) | Ou Kerkie |
| Sa | 09/05 | | Gemeentekonsert | Kerksaal |
| So | 10/05 | | Vergaderings (kerkraad, diakonie) | Ou kerkie |
| Do | 14/05 | 19:00 | **HEMELVAART Erediens** | Kerkgebou |
| So | 17/05 | | **NAGMAAL EN GEMEENTE-ETE** | Kerkgebou |

| KATKISASIE | Sondag 10 Mei |
|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 11 |
| **Lesrooster:** | Rigters 6 & 7 |
| **Psalmvers:** | Psalm 64: 7 (melodie Ps 45) |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 38 |
| **Memoriseerwerk** | Eksodus 20: 12 |

**BYBELSTUDIE** U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel:

- Woensdagaand om 18:00 in die Ou Kerkie. Studie 3 van Romeine uit die boekie van prof. Jordaan, *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament*, word behandel.
- Donderdagoggend om 10:30 bestudeer ons 2 Korintiërs 3: 1e.v. en die toepassing word dan in besonder gemaak op trauma.
- Die Bybelstudie by Huis Eikelaan staan oor tot verdere kennisgewing.

## VERJAARDAE GEDURENDE DIE 2 WEKE

| | | |
|---|---|---|
| Di | 28/04 | **Gene Putter**. Wyk 10 |
| Wo | 29/04 | **Nelis Coetsee**. Wyk 5 |
| | | **Ian Bartlett (12) .** |
| Do | 30/04 | **Belinda van der Merwe**. Wyk 7 |
| Vr | 01/05 | **Wymie du Plessis**. Wyk 9 |
| Di | 05/05 | **Wilmarié du Plessis**. Wyk 4 |
| | | **Jandri Kroeze**. Wyk 4 |
| | | **Maroné Reynecke (2**). Wyk 4 |

## DIE GEREFORMEERDE KERK IKAGENG

Die gemeente van Ikageng hou op **2 Mei 2026** 'n fondsinsamelingsaksie en hulle vra ons ondersteuning. **Kom ons help hulle met goeie tweedehandse klere, skoene, komberse, huishoudelike items, boeke, speelgoed en allerhande dinge wat verkoop kan word.** Donasies is ook baie welkom. **Ons kan die goedere afgee by ons koster Pieter.** Vir meer informasie kontak ds OL Moncho 083 314 1762 of hulle skriba ds MD Letebele 067 847 7357.



## RIBBURGERS

Ons beplan om vir **Woensdag 6 Mei** 'n klompie **RIBBURGERS** te maak @ R 40 per burger.

U is welkom om u bestellings voor of op ***Maandag 4 Mei*** deur te gee aan Yolandé 084 597 8903 of aan Jannes 072 224 7181 of Pieter 018 294 4600 by die kerkkantoor

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer.

Indien u 'n bydrae wil maak, kontak asseblief

**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**